GEOGRAFIE
GRAAD 9
WEEK 2

Western Cape Government
Education

LESSE 3 & 4: MANIERE OM ONTWIKKELING TE MEET

Jy moet weet:
- Wat is 'n ontwikkelingsaanwyser.
- Hoe en waarom ontwikkeling gemeet word.
- Die begrippe BBP, Ekonomiese sektore, LV, MOI en BBP per kapita.
- Hoe om inligting op verskeie soort grafieke te lees en interpreter.

Hulpbronne:
- Les op bladsy 3
- Handboek: Onderwerp 2 – Ontwikkelingsgeografie (Meting)
- Werkblad
- Handboek: Ekstra aktiwiteite
-

WERKBLAD: ***Gebruik die inligting op bladsy 3 en jou handboek om die werkblad wat volg in jou werkboek te voltooi.***

MANIERE OM ONTWIKKELING TE MEET

3. Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die volgende oor die BBP-groeikoers van Suid-Afrika.



3.1 Definieer die begrip BBP.

3.2 Waarvoor staan die afkorting BBP?

3.3 Tydens watter jaar en kwartaal tussen 2008 en 2014 was Suid-Afrika se BBP groeikoerssyfers …
(i) die laagste? Wat was die syfer?
(ii) die hoogste? Wat was die syfer?

3.4 Gedurende watter jaar (al vier kwartale) het die BBP-groeisyfer die beste groei getoon?

3.5 Watter tipe ontwikkelingsaanwyser is BBP syfers?

4. Bestudeer die volgende kaart wat die MOI vir wêreldlande aandui en beantwoord die vrae wat volg.



4.1 Waarvoor staan die afkorting MOI?

4.2 Definieer die begrip MOI en verduidelik hoe dit interpreteer word.

4.3 Watter aspekte van ontwikkeling word ingesluit (gemeet) met die MOI?

4.4 Wat is Suid-Afrika se MOI telling wat op die kaart getoon word?

4.5 Lewer kommentaar op die lewenskwaliteit in Suid-Afrika gebaseer op die telling wat jy genoem het in 4.4.

4.6 Noem EEN land vanaf die kaart met die laagste MOI telling.

4.7 Noem EEN land vanaf die kaart met die hoogste MOI telling.

4.8 Wat is die beraamde MOI telling vir die VSA soos afgelei kan word vanaf die kaart?

4.9 Lewer kommentaar op die lewenskwaliteit in die VSA gebaseer op die telling wat jy genoem het in 4.8.

4.10 "Die MOI in teenstelling met die BBP per kapita word beskou as die mees betroubare aanwyser om 'n land se ontwikkelingsvlak te meet". Stem saam of verskil met die stelling. Skryf 'n paragraaf van 80 woorde om jou seining te ondersteun.

Bestudeer hierdie onderwerp met die volgende vrae in gedagte!

ONDERWERP: ONTWIKKELINGSAANWYSERS OM DIE VLAKKE VAN ONTWIKKELING TE MEET

Hoe lyk dit?	Wat is dit?	Wat is die doel daarvan?
Voorbeeld van 'n Ekonomiese aanwyser  **Voorbeeld van 'n Omgewingsaanwyser**  	Statistieke wat gebruik word om ontwikkeling te meet word **ontwikkelings-aanwysers** genoem. Ontwikkelingsaanwysers word verdeel in: - Ekonomies, Maatskaplik, Saamgestelde & Omgewingsaanduiders	**Om te bepaal of:** • mense se kwaliteit van lewe verbeter. • mense se lewensstandaarde verbeter. • **natuurlike** en **menslike** hulpbron potensiaal balanseer met mekaar.
Verskillende tipes aanwysers:		**Betekenis van begrippe:**
1. Ekonomiese aanduiders meet die: - Bruto Binnelandse Produk (BBP), BBP per Capita, BBP bydraes tot die ekonomiese sektore, indiensneming **2. Maatskaplike aanduiders meet:** - armoede, lewenskwaliteit, baba sterftekoers, lewensverwagting (LV), geboorte - en sterftekoerse **3. Omgewingsaanduiders meet:** - ekologiese voetspore, drakapasiteit van die omgewing, ens. **4. Saamgestelde aanduiders meet:** - 'n Kombinasie van faktore soos die MOI O f die Fisiese Kwaliteit van Lewe Indeks		**BBP** – Die totale waarde van goedere en dienste gelewer binne 'n land se grense, binne een jaar. **BBP per Capita** - is die BBP gedeel deur die getal mense binne 'n land. Dit wys die gemiddelde hoeveelheid geld per persoon in 'n land, vir die spesifieke jaar. **LV** – verwys na die lewensverwagting wat die gemiddelde tydperk is wat 'n persoon kan verwag om te lewe. **Ekonomiese Sektore** – verwys na die primêre, sekondêre en tersiêre aktiwiteite in die ekonomie. **MOI** – verwys na die Menslike Ontwikkelingsindeks, bepaal met LV, inkomste en geletterdheidsvlakke. Nul (0) MOI dui die slegste moontlike toestand aan en 1 'n bykans perfekte plek. ***Ontwerp deur: Hyran Gillion***

Erkennings: Mr Gerhard Kroukamp (La Rochelle GHS) en Mr Ben Malan (Stellenbosch High School)